

Hoofstuk van die dag: Romeine 4

> *Maar die mens wat nie op wetsonderhouding staatmaak nie, maar wat glo in Hom wat die goddelose vryspreek, hy kry die vryspraak deur sy geloof. (vers 5)*

Die Jode het gesê: As jy so goed soos Abraham glo, is God

tevrede (vers 3; vgl Gen 15:6). Party mense dink vandag nog so. Hulle glo in God, en hoop maar hulle geloof is sterk genoeg.
Nee! Jy word nie gered omdat jy goed genoeg glo nie. Jy word gered omdat God jou vryspreek. Daarom moet ons nie vra: wat moet óns doen om gered te word nie. Ons moet weet wat Gód gedoen het. Dit hang nie van ons af nie. Ons word God se kinders omdat Hý iets gedoen het. Kyk weer na Rom 3:21-26.
Natuurlik moet ons in God glo. Maar daarmee verdien ons nie ’n plek in die hemel nie. Ek kan nie my geloof voor God neersit en sê: Kyk daar, Here, hoe goed glo ek nie. Ek kan nie sê: Kyk hier, Here, ek kom gereeld kerk toe nie. Kyk hoe stry ek teen die sonde nie. Al wat ek kan sê, is: Ek weet, Here. Ek is ’n sondaar. Ek kan nie self by U uitkom nie. Red U vir my.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026